 - 7.3.3. die wyse en formaat van 'n versoek om –
 - 7.3.3.1. toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam beoog in artikel 11⁴;
 - 7.3.4. die hulp van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam wat ingevolge PAIA en POPIA beskikbaar is;
 - 7.3.5. die hulp van die reguleerder wat ingevolge PAIA en POPIA beskikbaar is;
 - 7.3.6. alle regsmiddele wat ingevolge die reg beskikbaar is ten opsigte van 'n optrede of versuim om op te tree met betrekking tot 'n reg of plig wat deur PAIA en POPIA toegewys of opgelê word, insluitende die manier waarop –
 - 7.3.6.1. 'n interne appèl;

² Artikel 17(1) van PAIA – vir die doeleindes van PAIA moet elke openbare liggaam, onderhewig aan wetgewing wat die indiensneming van personeel van die betrokke openbare liggaam reguleer, sodanige getal persone aanwys as adjunkinligtingsbeamptes as wat nodig is om die openbare liggaam so toeganklik as redelik moontlik vir versoekers van sy rekords te maak.

³ Artikel 56(a) van POPIA – elke openbare en privaat liggaam moet op die wyse wat in artikel 17 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting bepaal word, voorsiening maak vir die aanwysing van soveel persone, indien enige, as adjunkinligtingsbeamptes as wat nodig is om die pligte en verantwoordelikhede uit te voer wat in artikel 55(1) van POPIA uiteengesit word.

⁴ Artikel 11(1) of PAIA – 'n versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam gegee word indien daardie versoeker aan al die prosedurele vereistes van PAIA met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord voldoen; en toegang tot daardie rekord nie ingevolge enige gronde vir weiering wat in hoofstuk 4 van hierdie deel beoog word, geweier word nie.

- 7.3.6.2. 'n klagte aan die reguleerder; en
- 7.3.6.3. 'n aansoek by 'n hof teen 'n besluit deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit oor 'n interne appèl of 'n besluit deur die reguleerder of 'n besluit van die hoof van 'n privaat liggaam ingedien word;
- 7.3.7. die bepalings van artikel 14⁵ en 51⁶ wat vereis dat 'n openbare en privaat liggaam onderskeidelik 'n handleiding saamstel, en hoe om toegang tot daardie handleiding te verkry;
- 7.3.8. die bepalings van artikel 15⁷ en 52⁸ wat die vrywillige bekendmaking van kategorieë rekords deur onderskeidelik 'n openbare liggaam of 'n privaat liggaam bepaal;
- 7.3.9. die kennisgewings uitgereik ingevolge artikel 22⁹ en 54¹⁰ ten opsigte van gelde wat vir versoeke om toegang betaal moet word; en

⁵ Artikel 14(1) van PAIA – die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet 'n handleiding wat inligting bevat wat in paragraaf 4 hierbo gelys word, in ten minste drie amptelike tale beskikbaar stel.

⁶ Artikel 51(1) van PAIA – die hoof van 'n privaat liggaam moet 'n handleiding beskikbaar stel wat die beskrywing bevat van die inligting wat in paragraaf 4 hierbo gelys word.

⁷ Artikel 15(1) van PAIA – die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die kategorieë rekords van die openbare liggaam wat outomaties beskikbaar is, beskikbaar stel sonder dat 'n persoon toegang moet versoek.

⁸ Artikel 52(1) of PAIA – die hoof van 'n privaat liggaam moet op 'n vrywillige grondslag op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die kategorieë rekords van die privaat liggaam wat outomaties beskikbaar is, beskikbaar stel sonder dat 'n persoon toegang moet versoek.

⁹ Artikel 22(1) van PAIA – die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet ingevolge 'n kennisgewing versoek dat die versoeker die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) moet betaal voordat die versoek verder verwerk word.

¹⁰ Artikel 54(1) van PAIA – die hoof van 'n privaat liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet ingevolge 'n kennisgewing versoek dat die versoeker die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) moet betaal voordat die versoek verder verwerk word.

7.3.10. die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 92¹¹.

7.4. Lede van die publiek kan tydens normale werkure by die kantore van die openbare of privaat liggame, insluitend die kantoor van die reguleerder, 'n insae hê in die handleiding of afskrifte daarvan maak. Die handleiding is ook soos volg verkrygbaar:

7.4.1. op 'n versoek aan die inligtingsbeampte; of

7.4.2. op die webwerf van die inligtingsreguleerder ("[Home - Information Regulator](http://Home-InformationRegulator.org.za)") (info regulator.org.za)).

8. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROM DIE STAD KAAPSTAD REKORDS HOU EN DIE KATEGORIEË REKORDS WAT DEUR DIE STAD KAAPSTAD GEHOU WORD

"Rekords" van die Stad verwys na daardie rekords wat geskep of ontvang is in die loop van amptelike sake en wat gehou word as bewys van die Stad se funksies, aktiwiteite en transaksies. Daar is verskillende vorme van rekords, byvoorbeeld korrespondensielêers, kaarte, planne, registers, agendas en notules wat in verskillende mediaformate beskikbaar kan wees, bv. papier, elektronies of op mikrofilm. [Bylae A](#) gee 'n beskrywing van die onderwerpe waarom die Stad rekords hou, asook die kategorieë rekords wat oor elke onderwerp gehou word.

9. DIE KATEGORIEË REKORDS VAN DIE STAD KAAPSTAD WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT 'N PERSOON TOEGANG DAARTOE HOEF TE VERSOEK

Toegang tot rekords wat deur die Stad gehou word

9.1 [Bylae B](#) beskryf die kategorieë rekords van die Stad wat outomaties beskikbaar is, sonder dat 'n persoon ingevolge die Wet of deur outomatiese of vrywillige bekendmaking toegang daartoe hoef te versoek.

10. PROSEDURES VIR TOEGANG TOT REKORDS WAT DEUR DIE STAD KAAPSTAD GEHOU WORD

Wanneer 'n versoek om 'n rekord(s)/inligting ontvang word, waar van toepassing, moet die

¹¹Artikel 92(1) van PAIA bepaal dat – "Die minister mag deur middel van kennisgewing in die Staatskoerant regulasies uitvaardig ten opsigte van –

- a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;
- b) enige aangeleentheid wat betrekking het op die gelde wat in artikel 22 en 54 beoog word;
- c) enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;
- d) eenvormige kriteria wat deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam toegepas moet word wanneer besluit word watter kategorieë rekords ingevolge artikel 15 beskikbaar gestel moet word; en
- e) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Wet uitvoering te gee."

versoeker soos nodig hulp ontvang om daardie versoeker in staat te stel om aan die vereistes van die Wet te voldoen. Wanneer 'n rekord/inligting ingevolge die Wet versoek word, moet die versoeker toegang daartoe verleen word indien die versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in die Wet wat op die versoek om toegang tot 'n rekord betrekking het. Toegang mag verleen word indien dit in openbare belang is, ongeag die feit dat daar gronde vir weiering van toepassing op so 'n versoek is. Toegang tot die rekord moet geweier word indien enige grond(e) vir weiering wat in die Wet genoem word, van toepassing is.

10.1 Versoekvorm

Die versoek moet skriftelik op die voorgeskrewe VORM 2, aangeheg as [bylae C](#), gemaak en gestuur word na:

Die inligtingsbeampte of die adjunkinligtingsbeampte

Privaat sak X9181

Kaapstad

8000

E-pos: Access2info.Act@capetown.gov.za

Artikel 18 van PAIA bepaal die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n versoek gerig word om toegang te verkry tot inligting wat deur die Stad gehou word. Artikel 23(1) van POPIA bepaal ook die prosedure om toegang tot persoonlike inligting te verkry. Die wyse van toegang tot persoonlike inligting ingevolge artikel 23 van POPIA moet in ooreenstemming met artikel 18 van PAIA plaasvind.

'n Versoeker of datasubjek moet die voorgeskrewe VORM 2 gebruik wanneer toegang tot 'n rekord of persoonlike inligting versoek word.

'n Versoeker is enige persoon wat 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die Stad rig en in hierdie verband onderskei PAIA tussen twee soorte versoekers van toegang tot inligting, naamlik persoonlike versoeker (datasubjek) en ander versoeker.

'n Datasubjek is 'n versoeker wat ná voldoende bewys van identiteit toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor die datasubjek bevat. Behoudens die bepalings van PAIA en POPIA, sal die Stad binne 'n redelike tydperk die versoekte inligting verskaf of toegang gee tot enige rekord met betrekking tot die datasubjek se persoonlike inligting (teen voorgeskrewe gelde, indien enige) op 'n redelike wyse en in 'n formaat en in 'n vorm wat oor die algemeen verstaanbaar is. Die voorgeskrewe gelde vir reproduksie van die persoonlike inligting wat versoek word, sal deur die Stad gehef word.

'n Persoon wat in die kategorie van ander versoeker val, is daarop geregtig om toegang tot inligting ten opsigte van derde partye te versoek. Die Stad is egter nie verplig om toegang te verleen voordat die versoeker voldoen aan die vereistes vir toegang tot inligting ingevolge PAIA en POPIA nie.

Die VORM 2 moet gerig word aan en per hand, pos of e-pos ingedien word by die inligtingsbeampte wie se besonderhede hierbo uiteengesit word.

Die versoeker moet voldoende inligting verskaf oor die rekord(s) wat versoek word om die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte, indien enige, in staat te stel om die rekord(s) te identifiseer. Die voorgeskrewe vorm moet ingevul word met genoeg besonderhede om die inligtingsbeampte ten minste in staat te stel om die volgende te identifiseer:

- a) die identiteit van die versoeker;
- b) besonderhede van die rekord wat versoek word;
- c) soort rekord;
- d) vorm van toegang; en
- e) wyse van toegang.

10.2 'n Paar addisionele, belangrike punte om te onthou wanneer die versoekvorm ingevul word:

- a) Die aansoek moet duidelik aantoon watter inligting verlang word en of die versoek om 'n afskrif van 'n rekord is en of die versoeker die rekord by die kantoor van die Stad wil besigtig.
- b) Die aansoekvorm moet vergesel wees van die voorgeskrewe versoekgelde (vir gelde, verwys na "Voorgeskrewe gelde betaalbaar" in 10.3 hier onder).
- c) Indien 'n persoon in 'n bepaalde vorm toegang versoek, moet toegang op die vereiste wyse aan die versoeker verleen word, tensy dit onredelik met die werksaamhede van die kantoor sou inmeng, die rekord sou beskadig of inbreuk sou maak op 'n kopiereg of vertroulike inligting wat nie in Stadsbesit is nie, byvoorbeeld verpligte, beskermde kommersiële inligting van 'n diensleweraar of verskaffer.
- d) Indien die versoeker in enige ander vorm buiten 'n skriftelike antwoord in kennis gestel wil word van die besluit rakende die versoek, bv. per telefoon of e-pos, moet dit as sodanig aangedui word.
- e) In 'n geval waar die versoeker inligting namens 'n ander persoon aanvra, moet daar 'n aanduiding wees van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word.

- f) Indien 'n versoeker nie kan lees of skryf nie of 'n gestremdheid het, mag die versoek mondelings gerig word. In so 'n geval moet die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte die vorm namens die versoeker invul.

10.3 Voorgeskrewe gelde betaalbaar

- a) Artikel 22(1) van PAIA bepaal dat gelde wat vir toegang tot rekords van die Stad betaalbaar is, voorgeskryf moet word. Die voorgeskrewe gelde, soos uiteengesit in bylae B tot die regulasies insake die bevordering van toegang tot inligting, 2021 (Staatskennisgewing no. R 757 van 27 Augustus 2021), is hierby aangeheg as [bylae D](#).
- b) Daar kan van 'n versoeker wat toegang tot enige rekord verlang, vereis word om gelde te betaal, tensy daar vrystelling is, soos hier onder na verwys.

10.4 Vrystelling van gelde

Die versoeker hoef nie toegangsgelde aan 'n openbare liggaam te betaal nie indien –

- a) hy of sy 'n enkelpersoon is wie se jaarlikse inkomste, ná toelaatbare aftrekkings soos LBS en WVF, minder as R14 712 per jaar is of
- b) hy of sy getroud is en die gesamentlike inkomste met sy of haar lewensmaat, ná toelaatbare aftrekkings soos LBS en WVF, minder as R27 192 per jaar is.

10.5 Besluit en kennisgewing

- a) Die versoeker sal binne 30 (dertig) dae ná ontvangs van die versoek in kennis gestel word van die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte se besluit in hierdie verband, tensy die tydperk vir die hantering van die versoek verleng is.
- b) Indien die versoek toegestaan word, moet bykomende toegangsgeld vir die soektog, voorbereiding en reproduksie van die rekord, waar van toepassing, betaal word. Verwys ook na bylae D soos gemeld onder “Voorgeskrewe gelde betaalbaar” in 10.3 hier bo.
- c) Die vereiste inligting sal, indien dit beskikbaar is, binne 'n redelike tydperk ná ontvangs van die aansoekvorm en voorgeskrewe gelde aan die versoeker beskikbaar gestel word.

10.6 Oordrag van versoeke

Indien 'n versoek om toegang gerig word ten opsigte van inligting wat nie in die Stad se besit is nie of indien die inligting nouer verband hou met 'n ander openbare liggaam, sal die versoek binne 14 (veertien) dae ná ontvangs van die versoek oorgedra word na die ander

liggaam/instansie/organisasie wat die inligting kan verskaf. Sodra die versoek oorgedra is, sal die versoeker van al die toepaslike en nodige inligting rakende die oordrag voorsien word; dit sal die besonderhede insluit van die persoon aan wie die versoek oorgedra is.

10.7 Rekords wat nie opgespoor kan word of nie bestaan nie

In gevalle waar rekords nie opgespoor kan word of nie bestaan nie, en alle redelike stappe gedoen is om die versoekte rekord op te spoor, sal die inligtingsbeampte by wyse van 'n beëdigde verklaring of 'n bevestiging die versoeker dienooreenkomstig in kennis stel en volledige redes daarvoor verskaf.

10.8 Wegdoening van rekords

- a) Die Stad behou die reg voor om regmatig met sekere rekords weg te doen ingevolge magtiging wat van die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika verkry is.
- b) Versoekers sal meegedeel word of 'n spesifieke rekord mee weggedoen is waar dit met die versoekte rekords verband hou.
- c) Ingevolge artikel 24(1) van POPIA mag die reguleerder by ontvangs van die versoek vanaf 'n datasubjek –
 - persoonlike inligting oor die datasubjek in sy besit of onder sy beheer wat onakkuraat, irrelevant, uitermatig verouderd, onvolledig of misleidend is of onregmatig verkry is, regstel of skrap; of
 - 'n rekord van persoonlike inligting oor die datasubjek wat die reguleerder ingevolge artikel 14 van POPIA¹² nie meer gemagtig is om te hou nie, vernietig of skrap.

10.9 Uitstel van toegang

Versoeke kan uitgestel word totdat inligting beskikbaar word. Die versoeker sal dienooreenkomstig in kennis gestel en versoek word om binne 30 dae skriftelike vertoë te rig oor waarom die inligting versoek word voordat dit openbaar gemaak word.

10.10 Weiering van toegang tot rekords

Die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte kan toegang tot rekords weier onder die omstandighede wat in deel 2, hoofstuk 4 van die Wet bepaal word.

10.11 Regsmiddele

¹² Artikel 14(1) van POPIA: Behoudens subartikels (2) en (3) moet rekords van persoonlike inligting nie enigsins langer gehou word as wat nodig is om die doel te bereik waarvoor die inligting ingewin of gevolglik verwerk is nie.

Regsmiddele is beskikbaar as die versoeker/derde party nie tevrede is dat die besluit van die Stad se inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte aan die bepalings van die Wet voldoen nie. 'n Versoeker/derde party mag 'n interne appèl by die Stad indien teen 'n besluit wat deur die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte geneem is, indien:

- a) 'n versoek om toegang geweier word.
- b) die fooie wat gehef word, onaanvaarbaar is.
- c) die tydperk waarin 'n besluit oor toegang tot 'n rekord geneem moet word, verleng word.
- d) toegang tot 'n rekord nie verleen word in die versoekte vorm nie, bv. elektroniese afskrif in plaas van 'n gedrukte afskrif.
- e) 'n derde party mag 'n interne appèl by die Stad indien teen 'n besluit wat deur die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte gemaak is om inligting ten opsigte van die derde party bekend te maak.

10.12 Appèlprosedure

'n Interne appèl moet op die voorgeskrewe VORM 4, aangeheg as [bylae E](#), ingedien word

- a) binne 'n tydperk van 60 (sestig) dae vanaf die datum van kennisgewing van die PAIA-besluit;
- b) indien kennisgewing aan 'n derde party ingevolge artikel 49(1)(b) van PAIA vereis word binne 30 (dertig) dae nadat daar aan die appellant kennis gegee is van die besluit waarteen geappelleer word of indien kennisgewing aan die appellant nie vereis word nie, nadat die besluit geneem is.
- c) Die interne appèl:
 - moet afgelewer, gepos of per elektroniese pos gestuur word na die inligtingsbeampte of korporatiewe adjunkinligtingsbeampte.
 - moet die onderwerp van die interne appèl identifiseer en die redes vir die appèl meld.
 - moet melding maak van die wyse waarop die appellant, benewens 'n skriftelike antwoord, van die besluit oor die interne appèl meegedeel wil word.
 - moet, indien van toepassing, vergesel wees van die voorgeskrewe appèlgelde.
 - moet 'n posadres of e-posadres spesifiseer.
 - die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte moet binne 10 (tien) werkdade na ontvangs van 'n interne appèl dit by die appèlowerheid, naamlik die speaker, vir oorweging indien.
 - Laat appèlle kan deur die Appèl-owerheid toegelaat word indien goeie redes aangetoon kan word.

10.13 Aansoeke by die hof

'n Versoeker of derde party mag slegs by 'n hof aansoek doen indien die interne appèlprosedure teen 'n besluit van die inligtingsbeampte of adjunkinligtingsbeampte uitgeput is.

11. DIE STAD SE DIENSTE WAT VIR LEDE VAN DIE PUBLIEK BESIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY**11.1 Bevoegdhede, pligte en funksies**

Die Stad poog om vinnige, doeltreffende dienste aan en kommunikasie met ons publiek te verseker. Indien jy telefonies met iemand moet skakel of nie weet wie om te kontak nie, raadpleeg die Stad se lys openbare kontakbesonderhede hier onder.

Algemene navrae

Kliënte-inbelsentrum

Telefoon: [0860 103 089](tel:0860103089)

Opsies	Bedryfsure
Opsie 1: Rekeninge en algemene navrae	Maandae tot Vrydae: 07:00 - 21:00 Saterdag: 08:00 - 14:00 Sondag en openbare vakansiedae: 09:00 - 13:00
Opsie 2: Navrae oor water	Meld waterverwante aangeleenthede 24/7 by ons inbelsentrum aan. Kyk hier onder vir ander kanale.
Opsie 3: Navrae oor elektrisiteit	Meld elektrisiteitsverwante aangeleenthede 24/7 by ons inbelsentrum aan. Kyk hier onder vir ander kanale.
Opsie 4: Navrae oor motorvoertuie	Maandae tot Vrydae: 07:30 - 17:00

Algemene e-pos:

contact.us@capetown.gov.za

E-pos vir rekeninge:

accounts@capetown.gov.za

Faks:

[0862 011 017](tel:0862011017)

Straatadres:

Burgersentrum

Hertzog-boulevard 12

Kaapstad

8001

Posadres:

Privaat sak X9181

Kaapstad

8000

Posadres:

Posbus 298
Kaapstad
8000

Gratisoproep-lyne

Gratisoproep-lyne is by verskeie munisipale en gemeenskapsgeboue regoor Kaapstad beskikbaar, en dit is gratis.

[Vind 'n gratisoproep-lyn naby jou.](#)

Noodnommers en blitslyne

Om noodgevalle aan te meld, skakel asseblief [021 480 7700](tel:0214807700) of 107 vanaf 'n landlyn.



Noodgeval	Kontakbesonderhede
Alkohol en dwelms	24-uur-blitslyn: 0800 435 748 (0800 HELP 4 U)
Brande, oorstromings, rotsstortings en ander omgewingsverwante noodgevalle	- Meld enige noodgeval aan by 107 vanaf 'n landlyn 112 (tolvry) of 021 480 7700 vanaf 'n selfoon - Algemene faks: 0865 761 776 - Faks vir inligting en advies: 0865 761 775
Bedrogblitslyn	Telefoon: 0800 323 130
Onregmatige besetting / grondindringing	24-uur-blitslyn: 021 480 7700
Stompie-blitslyn:	Meld mense aan wat sigaretstompies by hulle motorvensters uitgooi. Telefoon: 021 4807715

Aanmelding

Meld aanlyn aan deur ons [portaal vir diensversoeke](#).

Tipe	Kontakbesonderhede
Foute met elektrisiteit – Stad Kaapstad	- Telefoon: 0860 103 089 - SMS jou fout na: 31220 (gratis SMS'e geld nie) - E-pos: power@capetown.gov.za
Foute met elektrisiteit – Eskom-voorsieningsgebied	- Inbelsentrum vir elektrisiteit: 0860 037 566 - E-pos: western@eskom.co.za

Kabeldiefstal	• Telefoon: 0800 222 771 • Faks: 021 400 5910
Grondindringing (plakkerbeheer)	• Noodtelefoon: 107 • Direkte telefoon: 021 480 7700
Paaie en stormwater (slaggate / oorstroming / ontwortelde bome / oop mangate / chemiese stortings)	• Telefoon: 0800 656 463 • E-pos: Transport.Info@capetown.gov.za
Straatmense	Tolvrye telefoon: 0800 872 201
Foute met verkeerseine	24-uur-telefoon: 0800 656 463
Vandalisme	Telefoon: 021 480 7700

Versoek 'n diens

Versoek 'n diens aanlyn deur ons [portaal vir diensversoeke](#)

Nutsdienste

Departement elektrisiteit: noodgevalle, rekeninge en algemene navrae

- Telefoon: 0860 103 089
- SMS u fout na: 31220 (gratis SMS'e geld nie)
- E-pos: power@capetown.gov.za

Elektrisiteit – Eskom-voorsieningsgebiede

- Telefoon: [0860 037 566](tel:0860037566)
- SMS u fout na: 35328 (gratis SMS'e geld nie)
- E-pos: western@eskom.co.za

Water en sanitasie: noodgevalle, rekeninge en algemene navrae

- Telefoon: [0860 103 089](tel:0860103089)
- E-pos: water@capetown.gov.za
- WhatsApp: [060 018 1505](tel:0600181505)
- **SMS** jou fout na: 31373 (gratis SMS'e geld nie)

Vaste afval: onwettige storting, rolvullishouers en algemene skoonmaak

- Telefoon: 0860 103 089
- Faks: 086 201 1017 / 021 400 4302
- E-pos: wastewise@capetown.gov.za

Metropolitaanse polisie en verkeersdienste

- Telefoon: 0860 765 423

Registrasie van motorvoertuie

- Telefoon: 0860 103 089
- Faks: 086 576 1629
- E-pos: accounts@capetown.gov.za

Vervoerinligtingsentrum

- Algemene inligting oor openbare vervoer:
Telefoon: [0800 656 463](tel:0800656463)
- Besprekings vir Dial-a-Ride:
Telefoon: [0800 600 895](tel:0800600895)

Verkeersboetes

- Telefoon: 0860 103 089
- Faks: 021 406 8734

Aansoeke en permitte vir geleenthede

- Telefoon: [021 417 4034](tel:0214174034) / [021 417 4035](tel:0214174035) / [021 417 4036](tel:0214174036)
- Faks: [086 576 1933](tel:0865761933)
- E-pos: events.permit@capetown.gov.za

Rolprentopnames en -permitte

- [Aanlyn besprekingstelsel vir rolprentliggings](#)
- Algemene telefoon: [021 417 4025](tel:0214174025)
- Stilbeelde / mikro-opnames: [021 417 0599](tel:0214170599)
- Rekening: [021 417 4030](tel:0214174030)
- E-pos: film.permit@capetown.gov.za
- Faks: [086 576 1933](tel:0865761933)

Tenders

- [Portaal vir aanlyn tenders](#)
- [Portaal vir aanlyn verkryging](#)
- [Selfdiens vir verskaffers](#)
- Telefoon: 021 400 2405 / 021 400 2505
- Faks: 021 419 7659
- E-pos: tenders@capetown.gov.za

Onderneming en investering

- Telefoon: 021 400 2123
- E-pos: info@investcapetown.com

Ons fasiliteite

Die Stad bestuur diens- en ontspanningsfasiliteite van wêreldklas regoor die metro. Vind een naby jou wat by jou behoeftes pas.

[Besigtig al ons diensfasiliteite](#)

Ons departemente

Besigtig 'n lys van al ons publiekdienende [departemente en kontakinligting](#). Indien jy met 'n spesifieke Stadsamptenaar wil praat en sy of haar besonderhede het, kan jy ons skakelbord kontak by [021 400 1111](tel:0214001111).

Die mediakantoor

Die Stad se mediakantoor is verantwoordelik om die openbare reputasie van die Stadsadministrasie deur middel van gratis kommunikasiekanale te beskerm en te bevorder. Dit sluit koerante, radiostasies, televisiekanale en verskillende aanlyn platforms in.

[Besoek die mediakantoor se blad vir meer inligting](#).

Ombudsman:

- Telefoon: 021 400 5487
- SMS: 44781
- Faks: 021 400 5952
- E-pos: ombudsdirect@capetown.gov.za

Appèlle:

- E-pos: msa.appeals@capetown.gov.za
- Faks: 021 400 5830 / 086 202 9981

Versekeringseise:

- E-pos: charlene.harmse@capetown.gov.za
- Faks: 086 202 9701

Toegang tot inligting:

- E-pos: access2info.act@capetown.gov.za

Oopdataportaal:

- Verkry toegang tot die Stad se [oopdataportaal](#).

Vind jou raadslid:

- Verwys na ons [soekhulpmiddel](#) om toegang tot inligting oor raadslede te verkry.

Burgemeester se kantoor:

- Telefoon:
[021 400 1301](#) / [021 400 1300](#)
E-pos: mayor.mayor@capetown.gov.za

Aanlyn dienste: diens byderhand

CITY CONNECT

[Besigtig ons volledige lys aanlyn dienste](#)

Aflaai van dokumente

1. [Pamflet 107-noodkontakte \(Eng/Afr/Xhosa\)](#)
2. [Pamflet met beskikbare dienste](#)
3. [Stad Kaapstad se “Kontak Ons”-plakkaat \(Afrikaans\)](#)
4. [Stad Kaapstad se “Kontak Ons”-plakkaat \(Engels\)](#)
5. [Stad Kaapstad se “Kontak Ons”-plakkaat \(Xhosa\)](#)
6. [Infografiese pamflet met inligting oor hoe om die Stad te kontak](#)

12. OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE OF UITVOERING VAN PLIGTE DEUR DIE STAD KAAPSTAD

Een van die belangrikste oogmerke van plaaslike regering is om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in aangeleenthede van plaaslike regering aan te moedig (artikel 152(1)(e) van die Grondwet¹³). Hoofstuk 4 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, vereis van munisipaliteite om gemeenskappe by besluitnemingsprosesse te betrek en om met die gemeenskap te konsulteer en saam te werk oor plaaslike regeringsaangeleenthede wat hulle raak. In hierdie verband skakel die Stad met gemeenskappe oor belangrike en tersaaklike aangeleenthede via wykskomiteevergaderings en sessies met organisasies, en op ander spesiale platforms. Gemeenskappe word aangemoedig om met ons te kommunikeer oor items wat vir openbare kommentaar oopgestel word. Die Stad publiseer op 'n gereelde grondslag items vir openbare kommentaar. Die publiek kan terugvoering gee oor dokumente, inisiatiewe en projekte wat hulle as inwoners van Kaapstad raak.

Reëlins wat vir openbare deelname/betrokkenheid voorsiening maak

¹³ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Openbare deelname in die konteks van plaaslike regering word deur die Stelselswet en die Strukturewet geregleer. Die doel van die openbaredeelnameproses is om te verseker dat die Stad en die breër gemeenskap mede-eienaars van die openbaredeelnameproses en die eindproduk is.

Segmente van die publiek wat by openbare deelname betrokke is, is byvoorbeeld individue, sport-/maatskaplike groepe, godsdienstige organisasies, klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's), gemeenskapsgebaseerde organisasies (GBO's), nieregeringsorganisasies (NRO's), sektorgebaseerde forums, gebiedgebaseerde forums, besighede en burgerlike/ belastingbetalers-verenigings.

Die Stad kan die volgende metodes vir openbare deelname gebruik:

- Verspreiding van dokumente in openbare plekke vir die lewering van kommentaar
- Opnames
- Koerantadvertensies
- Formele openbare verhore
- Openbare vergaderings
- Ontwikkeling van 'n struktuur vir openbare deelname

Aangeleenthede wat vir openbare kommentaar oopgestel word

Indien die Stad van voorneme is om 'n kontrak aan te gaan of 'n besluit te neem wat jou as 'n inwoner kan raak, kan jy dit in hierdie kategorie vind. Advertensies wat gewoonlik in hierdie kategorie gepubliseer word, sluit in: voorgestelde Stadsprojekte en -tenders, konsepbeleide, verordeninge en ander publikasies van die Stad, en die verkoop, verhuring of sluiting van onder meer die Raad se onroerende eiendom.

Grondgebruikaansoeke

Grondgebruikaansoeke (ook bekend as kennisgewings oor munisipale grondgebruik) word vir evaluering by [ontwikkelingsbestuur](#) ingedien. Sommige bouprosesse of -ontwikkelings kan 'n impak op aangrensende bure, die gemeenskap of die omgewing hê. In hierdie gevalle word daar van die Stad vereis om openbare konsultasie en deelname te fasiliteer sodat moontlik belangstellende en geaffekteerde partye insette en kommentaar kan lewer voordat 'n besluit geneem word.

Versoeke om inligting

Hierdie ruimte word gebruik om versoeke om inligting te adverteer. Inligting en idees kan aangevra word oor enige produkte, tegnologie of ander bydraes wat bestaande infrastruktuur en data van die Stad kan beïnvloed. Ons stel altyd daarin belang om innoverende maniere ter

bereiking van ons doelwitte as 'n organisasie te ondersoek.

Meningspeilings en voorleggings

Indien ons 'n openbare meningspeiling onderneem of indien voorleggings benodig word, soos benoemings vir die buurtwagtoekenning, word dit hier geadverteer. Jy sal in hierdie kategorie die meningspeiling oor veerkragtigheid asook die oop-innovasie-platform vind. Ons moedig jou aan om aan die meningspeiling deel te neem en die platform te gebruik om jou innoverende idees aan ons voor te lê.

Jy kan die items waarin jy belangstel of wat jou raak besigtig en besware, aanbevelings en insette daaroor indien deur die skakel hieronder te volg:

CITY CONNECT

[Sê jou sê](#)

13. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

13.1 Die doel van die Stad se verwerking van persoonlike inligting

Onderwerp	Kategorie
Doel van die verwerking	• Verkoop en verskaffing van die Stad se produkte en dienste • Om ons produkte en dienste te verbeter • Om produkte en dienste aan inwoners te bemark • Om aan statutêre verpligtinge te voldoen • Interne rekordhouding • Kliënteverhoudinge • Uitvoering van navorsing • Sekuriteit, administrasie en regsangeleenthede • Nakoming van kontraktuele verpligtinge • Periodieke verspreiding van die jongste nuus of ander inligting wat jy interessant mag vind

Sekuriteitsmaatreëls om persoonlike inligting te beskerm	• Fisiese sekuriteitsmaatreëls • Maatreëls vir toegangsbeheer • Maatreëls vir interne sekuriteit • Maatreëls vir kubersekuriteit • Maatreëls teen rommelpos • Maatreëls teen virusse • Installering van sekuriteitsbrandmure • Wagwoordbeheer • Kwesbaarheidsbestuur • Openbare sleutelinfrastruktuur • Rugsteuning • Kontinuiteit van IT-diens • Minste bevoorregting • Bewusmakingsprogram oor kubersekuriteit • Opleidingsprogramme oor inligtingsekuriteit • Oudits oor inligtingsekuriteit • IT-verwante beleide
--	---

Vir meer inligting oor hoe ons persoonlike inligting verwerk, lees asseblief die Stad se privaatheidskennisgewing wat beskikbaar is by <https://www.capetown.gov.za/General/Privacy>.

13.2 Beskrywing van die kategorieë datasubjekte en van die inligting of kategorieë inligting wat daarmee verband hou

Kategorieë datasubjekte	Persoonlike inligting wat verwerk mag word
Werknemers:	• rekord van werknemer se lewensiklus, naam en postitel, kontakinligting, demografiese inligting (poskode, voorkeure en belange)
Diensverskaffers:	• rekord van diensverskaffer se lewensiklus, kontakinligting, demografiese inligting (poskode, voorkeure en belange)
Die publiek:	• algemene navrae en besigtiging van die maatskappy se webwerf, naam en postitel, kontakinligting, demografiese inligting (poskode, voorkeure en belange), ander inligting wat met meningspeilings onder verbruikers en/of aanbiedinge verband hou
Bedryfsliggame:	• rekords van lidmaatskap
Media:	• rekords van media-interaksies

13.3 Die ontvangers of kategorieë ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf mag word

Datasubjekte	Kategorie persoonlike inligting	Ontvangers of kategorieë ontvangers
Voornemende werknemers, huidige werknemers, kontrakwerknemers,	• Naam, identiteitsnommer, biografiese inligting • Kontakbesonderhede • Opvoedkundige, werk- en	• Datasubjekte • Werknemerpensioenfondse • Finansiële instansies • Bedryfsliggame

konsultante, interns en vrywilligers:	kriminele geskiedenis • Biometriese en gesondheidsinligting • Psigometriese assesserings • Nagaan van verwysings en agtergrond	• Wetstoepassing • Mediese fondse • Operateurs (diensverskaffers) • Statutêre owerhede (bv. Suid-Afrikaanse Inkomstediens) • Kliënte van die Stad se dienste • Werknemers van die Stad • Regeringsdepartemente
Huidige werknemers, konsultante, kontrakwerknemers en interns:	• Munisipale rekeninginligting • Prestasieverslae • Vaardigheids-/opleidingsverslae	• Toepaslike Stadsdepartemente, provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en hul agente
Voornemende en huidige verskaffers, diensverskaffers, kontrakteurs, subkontrakteurs en sakevennote:	• Naam, identiteitsnommer/maatskappy-registrasienommer • Toepaslike registrasienommer • Kontakbesonderhede • Finansiële geskiedenis • Nagaan van verwysings en agtergrond • Prestasieverslae	• Toepaslike Stadsdepartemente • Provinsiale en nasionale regering • Openbare entiteite • Sakeondernemings en hul agente

13.4 Beplande versending van persoonlike inligting oor landsgrense

DIREKTORAAT/DEPARTEMENT	VLOEI VAN INLIGTING OOR LANDSGRENSE
Departement elektrisiteitsopwekking	Die departement elektrisiteitsopwekking het 'n ooreenkoms vir databerging met 'n maatskappy in Duitsland.
Departement Stadsgesondheid	Die departement Stadsgesondheid keur by geleentheid versoeke om gesondheidsnavorsing goed waar van die navorsers in verskillende lande in die buiteland gebaseer is. Daar is in alle gevalle 'n plaaslike akademiese instansie waaraan die navorser gekoppel is. Data word gewoonlik met die plaaslike instansie gedeel. Data uit die Stad se inligtingstelseldatabasis vir navorsingsdoeleindes is gewoonlik óf saamgestel of gedeïdentifiseer. Waar persoonlike inligting vereis word, word dit gewoonlik gedek deur 'n ondertekende toestemmingsvorm wat deur die navorsingspan geadministreer word. Alle navorsingsprojekte vereis die goedkeuring van eksterne etiekkomitees in gesondheidsnavorsing en goedkeuring deur die Stad se gesondheidbestuurspan voordat navorsing kan voortgaan of data verskaf kan word.

Departement waardasies	Gedrukte waardasiekennisgewings soos bepaal deur die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, gerig op individuele eiendomeienaars, insluitend eienaarskap asook eiendomsinligting soos dit op die Stad Kaapstad se waardasielys verskyn. Eiendomeienaars soos geregistreer by die Suid-Afrikaanse aktekantoor, binne die Stad Kaapstad se regsgebied. Kennisgewings word per gewone pos na adresse wat deur eiendomeienaars aangegee is, en na posadresse na enige internasionale bestemming gestuur. Posadresbestemmings word deur die eiendomeienaar bepaal en kan enige land insluit, byvoorbeeld eiendomeienaars met 'n internasionale posadres, naamlik: Australië, België, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Namibië, Nederland en Nigerië.
Stedelike mobiliteit	Reaksies op navorsingsversoeke van internasionale organisasies/instellings, na gelang van die onderwerp. Reaksies kan van alle departemente of een departement in die direktoraat stedelike mobiliteit afkomstig wees. Die departement vervoer: gedeelde dienste hou egter toesig hieroor; hulle sal die versoeke insorteer as dit op meer as een departement betrekking het, maar sal toesig daaroor hou as dit op net een departement betrekking het. Die goedkeuring van navorsingsversoeke en met betrekking tot toestemming deur individue of derde partye word op geregtelike wyse hanteer. Lidmaatskapinskrywing by Union Internationale Des Transport Publics (UITP), 'n maatskappy wat in België geleë is. Die UITP is 'n internasionale vereniging sonder winsbejag vir openbare vervoer. Hierdie liggaam hanteer aangeleenthede in verband met geïntegreerde openbare vervoer, kennisbestuur en investerings regoor die wêreld. Die UITP-netwerk bring alle belanghebbendes in openbare vervoer asook volhoubare vervoermodusse byeen. <i>[Verslag deur burgemeesterskomitee aan die Raad gedateer 17 Januarie 2023.]</i>

13.5 Algemene beskrywing van inligtingsekuriteitsmaatreëls wat deur die verantwoordelike partye geïmplementeer moet word om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die inligting te verseker.

13.5.1 Die Stad pas redelike tegniese en organisatoriese maatreëls toe om die integriteit van persoonlike inligting en spesiale persoonlike inligting te beveilig, en gebruik aanvaarbare tegnologiese standaarde om ongemagtigde toegang tot of bekendmaking van persoonlike inligting en spesiale persoonlike inligting te voorkom, en beskerm jou persoonlike inligting en spesiale persoonlike inligting teen misbruik, verlies, wysiging en vernietiging.

13.5.2 Hierdie maatreëls behels onder meer die volgende:

- a) Die gebruik van brandmure, rugsteune, anti-indringerware op alle Windows-toestelle,

IT-dienskontinuiteit, verifikasieprosedures en die Cyber Security Awareness-program.

- b) Interne beleide en riglyne oor databeskerming wat die integriteit van persoonlike inligting en spesiale persoonlike inligting help beskerm en beveilig.
- c) Die hersiening van praktyke met betrekking tot die insameling, berging en verwerking van inligting, insluitende periodieke fisiese sekuriteitsmaatreëls, om te sorg dat ons op hoogte van goeie praktyk bly.
- d) Die rugsteun van inligting vir bedryfs- en veiligheidsdoeleindes.
- e) Die Stad het prosedures geïmplementeer, insluitende die Stad se standaard-bedryfsprosedures vir die bestuur van databreuke, om werklike en vermoedelike data-ingevaarstelling of databreuke te hanteer. Die Stad stel geaffekteerde datasubjekte en die betrokke regulatoriese owerhede in kennis van breuke in gevalle waar die Stad volgens wet verplig is om dit te doen.
- f) Die Stad het 'n goedgekeurde komitee vir POPIA-insidentreaksie ("PIRC") ingestel om voorvalle van ingevaarstelling van databreuke met betrekking tot persoonlike inligting te hanteer.

13.6 Sekuriteitsmaatreëls om persoonlike inligting te beskerm

Sekuriteitsmaatreëls om persoonlike inligting te beskerm	• Fisiese sekuriteitsmaatreëls • Maatreëls vir toegangsbeheer • Maatreëls vir interne sekuriteit • Maatreëls vir kubersekuriteit • Maatreëls teen rommelpos • Maatreëls teen virusse • Installering van sekuriteitsbrandmure • Wagwoordbeheer • Kwesbaarheidsbestuur • Openbare sleutelinfrastruktuur • Rugsteuning • Kontinuiteit van IT-diens • Minste bevoorregting • Bewusmakingsprogram oor kubersekuriteit • Opleidingsprogramme oor inligtingsekuriteit • Oudits oor inligtingsekuriteit • IT-verwante beleide. • Standaardbedryfsprosedures.
--	---

14. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

14.1 Hierdie handleiding word in die volgende drie amptelike tale beskikbaar gestel:

14.1.1 Engels.

14.1.2 Afrikaans.

14.1.3 isiXhosa.

14.2 'n Afskrif van hierdie handleiding of die bygewerkte weergawe daarvan is ook soos volg beskikbaar:

14.2.1 Op die Stad se webwerf: <http://www.capetown.gov.za/>;

14.2.2 By die Stad se hoofkantoor vir openbare insae gedurende normale kantoorure: toegang tot die Stad se rekordkantoor, 2de verdieping, wandelvlak, burgersentrum, Kaapstad;

14.2.3 Aan enige persoon op versoek en ná betaling van redelike, voorgeskrewe gelde; en

14.2.4 Aan die inligtingsreguleerder op versoek.

14.3 Gelde vir 'n afskrif van die handleiding, soos beoog in bylae B van die regulasies insake die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2001, is betaalbaar vir elke A4-grootte fotokopie wat gemaak word. Die voorgeskrewe gelde is hierby aangeheg as [bylae D](#).

15. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING

Die Stad Kaapstad sal, indien nodig, hierdie handleiding jaarliks hersien, bywerk en publiseer, maar ten minste een keer gedurende 'n verkiesingstermyn.

Uitgereik deur

Lungelo Mbandazayo
Stadsbestuurder